# BRUIDEGOM SE KALENDER

> Lev. 23:1 – 2 "Verder het JaHUaH met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die **feestye** van JaHUaH wat julle moet uitroep as afgesonderde samekomste - dit is my feestye."

Die Hebreeus vir "feestye" is: "Mo'edim". Dit is afsprake met JaHUaH waar JaHUaH Sy verbondsbeloftes met sy volk hernu en dan word hulle geroep na hoër vlakke van afsondering.

Die Hebreeus vir "samekomste" is: "Mikra'ot". Dit is tye wat deur JaHUaH uitgeroep is as opvoerings (rehearsals) van JaHUaH se verlossings, die verlede s'n en die toekoms s'n. Die wortelwoord van "mikra'ot" is: "kara". Dit beteken om hardop te lees, of om 'n klank te gee aan 'n geskrewe boodskap. Dit is dus meer as net samekomste van mense of familie reunies; dit is selfs meer as net godsdienstige byeenkomste.

Ons is geroep na iets wat afgesonder is, en wat ons sal afsonder. Deur hierdie vasgestelde en voorskriftelike feeste en samekomste wat JaHUaH aan sy volk voorskryf, wil Hy die volgende sê:

1. Julle sal nie langer leef volgens die kalender van die nasies nie, want Ek stel julle in staat daartoe.
2. In stede daarvan, sal julle leer hoe om tyd te verstaan vanaf My perspektief, in stede van die perspektief van die onverloste mensdom.
3. Soos wat julle julle lewens rondom hierdie Kalender van my leef, sal julle die realm van tyd afsonder, en julle sal My afgesonderdheid saai in die realm van tyd, soos wat 'n saaier sy saad saai in sy land.
4. Julle sal sodoende, aan die res van nasies en die hele wêreld toon wat dit beteken om behoorlik met "tyd" om te gaan.
5. En gou, sal julle My oesters wees, wat vir My 'n oes van die nasies en die wêreld sal inbring.

Wat beteken dit?

Dink so daaraan. Net soos wat mense vooruit afsprake maak om dokters of prokureurs of enige besigheidskontakte te sien, of datums vas te stel vir belangrike gebeure soos troues, partytjies ens., het JaHUaH onderneem om vooraf gereëlde afsprake te maak met Sy mense.

Die doel van elkeen van hierdie afsprake is verskillend, maar almal het dieselfde tema van 'n diepe, noue, en vrugtevolle verhouding wat Hy met ons wil hê, maak nie saak van watter nasie ons is nie.

Die woord, "Mo'edim" kom van die wortelwoord: "ja'ad", יָעַד . Die letterlike betekenis van hierdie woord is om te ontmoet met iemand en om baie persoonlik met daardie persoon om te gaan. Persoonlik en intiem.

Ja'ad bestaan uit 'n jod, 'n ayin en 'n dalet. Die jod (wat hand beteken) is 'n prentjie van die Hand van JaHUaH wat afreik vanaf die hemel na die mens. Die ayin, in hierdie geval, stel die Siel van die mens voor. En dalet is 'n deur, of 'n Poort na 'n ander dimensie. Sit die prentjies aanmekaar en jy kry die volgende:

- JaHUaH inisiëer 'n **ontmoeting** waarin Hy die Siel van die mens deur 'n Poort neem buite die realm van tyd, tot op die drumpel van die Hemelse Plekke, tot by die Troon van JaHUaH.

Ex. 25:22 "En ek sal daar met jou saamkom *(ja'ad)*, en van die versoendeksel af, tussen die twee gerubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel."

Dus is 'n feestyd (mo'ed - enkelvoud) nie net 'n fees nie, maar 'n geskeduleerde afspraak wanneer ons met ons Bruidegom ontmoet, en waar ons getransformeer word deur daardie ontmoeting.

Die klem is nie op wat **ons** doen nie, maar op dit **wat JaHUaH gedoen het**, buite die realm van tyd. Met elke "mo'ed" bly 'n deel van ons in die realm van tyd, terwyl ons in die poorte van die Hemelse Koninkryk is.

Ons is dan net gedeeltelik onderwerp aan die eise en beperkinge van tyd. Ons Siele gaan op, en ontmoet met Hom, en word een met JaHUaH buite die beperkinge van tyd en ruimte en die fisiese wêreld. En tog, is ons liggame nog stewig geanker in die realm van tyd.

Dink aan elke feestyd as iets soos toe Moses se aangesig verander het toe hy met JaHUsha 'n ontmoeting gehad het. Ons fisiese voorkoms mag miskien nie skyn soos Moses s'n nie, maar nie te min, word ons verander.

Dit is interessant om te weet, dat hierdie verandering of transfigurasie (Afrikaanse Skrif: "Verheerliking") op een van die feestye van Lev. 23 mag plaasgevind het, naamlik Jom Kippur, die Groot Versoendag.

Die ander geleentheid is in Matt. 17 en Markus 9 en Lukas 9 waar Petrus, Jakobus en Johannes saam met JaHUsha op die berg was en Hy van gedaante verander het en geblink het, en Moses en Elia ook daar verskyn het. Petrus wou dadelik hutte bou, en daaruit kan ons aflei dat dit die tyd van die fees van Tabernakels was.

**ELKE "MO'ED" (FEES) IS DIE AFSPEEL VAN 'N GEBEURLIKHEID IN DIE PLAN VAN JAHUAH AS DEEL VAN SY PLAN VAN VERLOSSING VIR DIE MENSDOM**.

Die ander woord, "mikra'ot" of "mikra'ie", word vertaal met: "samekomste". Hierdie woord beteken letterlik: "hardop lees, opvoering, 'n voorafbepaalde manuskrip".

Voordat ‘n toneelspel met openingsaand afgelewer word, reël die direkteur van die spel gewoonlik ‘n reeks opvoerings vir oefening. Met die eerste ontmoeting, lees die akteurs hulle rolle in volgorde, maar met die openingsaand word die oefening meer spesifiek, en daar is kostuums betrokke, asook meubels en musiek ens. Alles wat nodig is vir die akteurs om “in” hulle karakters te kan inklim.

As mens die twee Hebreeuse aspekte van “Mo’edi” en “Mikra’ie” saamvoeg, sien ons dat elke geskeduleerde ontmoeting waarvan ons in Levitikus 23 lees, ‘n vooraf gereëlde, afgesonderde afspraak is, waar ons baie persoonlik en intiem met ons Bruidegom ontmoet, waar daar ‘n vooraf bepaalde manuskrip gelees en opgevoer word saam met ons gesinne en vriende. Daardie manuskrip of soort draaiboek, is deur JaHUaH self geskryf.

Maar is hierdie opvoerings van iets wat reeds gebeur het, of van iets wat in die toekoms gaan gebeur? Dit is beide. Tyd het nie bestaan voor die skepping nie, en sal ook nie meer bestaan nadat JaHUaH se plan met die aarde voltooi is nie, want Hy is ewig, die Een wat was en wat is en wat sal kom. Dus, alles wat reeds gebeur het, sal weer gebeur.

Ons vloei net saam met Sy plan. Ons hoef dit nie te verstaan nie, en ons kan dit defnitief nie verbeter nie. Tyd is net ‘n verhoog waarop die opvoerings van die ewige dinge plaasvind.

Soos ons aan hierdie opvoerings deelneem, begin ons al hoe meer vertroud raak met ons deel van die draaiboek. En telkens proklameer ons Sy Ewige Plan vir die Mensdom, en dien dit as ‘n lig vir diegene wat in duisternis toegevou is.

Die feeste (mo’edim) is dus die boek wat die verloop van die Evangelie/Goeie Nuus aandui. Ons voer die temas van Verlossing en Afsondering op.

Hoewel daar net sewe feeste is, bestaan sommige feeste uit meer as een deel, en daarom is daar 10 onderskeie toneelstukke en ons lees dit in Lev. 23.

1. Die sewende dag Sabbat
2. Pesag
3. Die Fees van Ongesuurde brode
4. Die Fees van Eerste Vrugte
5. Die tel van die Omer
6. Pinkster (Shavuot)
7. Fees van die Basuine (Jom Teruah)
8. Die Groot Versoendag (Jom Kippoer)
9. Die Fees van die Tabernakels (Sukkot)
10. Die Agtste dag (Sh’mini Atzeret)

Die “mo’edei/mikra’ei” het te doen met die geestelike realm van die lewe net soos wat die maan en die son se eklipse te doen het met die kalender en die fisiese realm van die lewe. Die

Kalender van die feeste is ‘n Kalender van afgesonderde intervalle **in tyd** wanneer die fisiese wêreld oorskadu word met die **geestelike wêreld**.

As JaHUsha dan werklik die Messias is, was Hy vir ons ‘n voorbeeld in wat waar is en in wat onderhou moet word. Hy en sy dissippels het die feeste onderhou en nie vervang met ander feeste nie.

JaHUsha het die mees uitstaande dinge gedoen in ooreenkoms met die kalender van Lev. 23.

- JaHUsha het getoon dat die Sabbat die realm op aarde is waarin Hy waarlik Meester is.
- Hy het hom aan die dood op die folterpaal onderwerp tydens die Paasfees/Pesag.
- Hy het uit die dood uit opgestaan op die vasgestelde dag van die Fees van Eerste Vrugte.
- Hy het verskeie kere verskyn aan sy dissippels gedurende Sefirat HaOmer (Die tel van die Omer), om te kyk hoe vorder die groei van Sy ‘koring’ (die veld waarin Hy Sy Torah-saad gesaai het).
- Hy stort gedurende Shavuot (Pinkster) die Ruach HaKodesh (Sy Gees) uit om in diegene te woon wat aanvaar het om die Torah in afhanklikheid van Hom uit te leef (Sy lewenswyse).

Ons kan kortliks verklaar dat die mees betekenisvolle aspekte van JaHUsha se bediening verband gehou het met die feeste. Hy sal dan ook, as die profesieë in die apostoliese geskrifte korrek is, weer kom op ‘n Jom Teruah (die bepaalde tyd wanneer die shofar geblaas word). Dit sal gebeur sodat Hy die wêreld kan oordeel op ‘n Jom Kippur (Groot Versoendag) en om Sy Uitverkorenes te vergader op ‘n Sukkot (Fees van Tabernakels), en dan sal die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde in plek wees op ‘n Sh’mini Atzeret.

Dit is dus nie JaHUsha wat die dag van die Songod se verering in die plek van die Sabbat kom plaas het nie. Dit was nie Hy wat die godin Ishtar (Easter) se verering in die plek van Pasga en die Fees van die Eerste Vrugte kom plaas het nie. En dit was ook nie Hy wat in stede van Die Fees van die Basuine (Jom Teruah), Jom Kippur (Groot Versoendag) en Sukkot (Fees van Tabernakels) die heidense fees van Saturnalia (kersfees) op 25 Desember kom vestig het nie.

Hy het gekom, en sal weer kom om die hoofrol in die opvoering van die Feeste te speel.

In Lev. 23:3 gebied Hy ons om die Sabbat te hou.

> “Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit ‘n dag van volkome rus, ‘n afgesonderde vierdag; gèèn werk mag julle doen nie – dit is ‘n sabbat van JaHUaH in al julle woonplekke.”

‘n Kalender bestaan uit astronomiese gebeurlikhede. Byvoorbeeld dae of jare (Gen. 1:14).

Wat is ‘n dag? ‘n Dag is die periode van tyd wat dit neem vir die aarde om 360 grade om sy eie as te draai.

Wat is ‘n jaar?  ‘n Jaar is die periode wat dit neem vir die aarde om sy baan om die son te voltooi.

Met die siklus van die maan bereken ons maande.

Die wêreld bereken dus tyd volgens die astronomiese waarnemings deur ‘n mens se oog.

Maar wat van die ‘week’.  Waar kom dit vandaan?  Dit is alleenlik deur die opdrag om 6 dae te werk en die sewende dag te rus (Ex. 20:10 – 11).  JaHUaH se Sabbat.

Die Sabbat is meer as ‘n dag van rus, want ‘n rusdag kan enige tyd geneem word.  Wat het op die sewende dag gebeur, en wat sal in die toekoms op die sewende dag gebeur?

> Gen. 2:3  "En Elohiem het die sewende dag geseën en dit afgesonder…".

Die sewende dag is dus geseën tydens die skepping en is vandag nog steeds geseënd.  Wat JaHUaH seën is waarlik geseënd en is vir ewig geseënd.

Om te seën, beteken om die objek van seën vry te maak van inperkinge en beperkinge.  Die Sabbat het dus ‘n onbeperkte en oningeperkte geestelike potensiaal. Dit is ‘n eiland in tyd waar Hemel en Aarde op ‘n unieke manier bymekaar kom.

Dit is ‘n periode van sekondes, minute en ure waarin die bonatuurlike, kreatiewe profetiese seën van JaHUaH gereed is vir ‘n persoon op wie Hy dit kan loslaat.  Dit is ‘n geleentheid vir die mens om in die geestelike realm te wees al is hy nog in die fisiese realm, om die seën van die Sabbat te ervaar en om Hom te seën.

Ps. 92 is ‘n Lied vir die dag van die Sabbat. As mens dit lees, dan sien mens dit is nie wat om te doen en wat om nie te doen nie, dit gaan oor dit wat JaHUaH gedoen het.  Oor die rus in Sy volbragte werk.  Hy word geloof oor die wonder van die Skepping en die Skepsel.

Dit gaan oor heling, voorspoed, gesondheid, vrede, seën ten spyte van dit wat rondom ons aan die gang is.

> Ps. 92:
> ‘n Psalm.  ‘n Lied vir die Sabbatdag.
> Dit is goed om JaHUaH te loof en tot eer van u Naam te psalmsing, o Allerhoogste, om in die môre U goedertierenheid te verkondig en U getrouheid in die nagte; by die harp, by snarespel op die siter.
> Want U het my bly gemaak, JaHUaH, deur U dade;  ek jubel oor die werke van U hande.
> Hoe groot is U werke, o JaHUaH;  baie diep is U gedagtes!
> ‘n Dom mens weet nie, en ‘n dwaas verstaan dit nie:  as die goddelose mense groei soos die plante en al die werkers van ongeregtigheid bloei, *is dit* om hulle vir ewig te verdelg.
> Maar U is hoog verhewe tot in ewigheid, JaHUaH!

> Want kyk, U vyande, o JaHUaH, want kyk, U vyande sal vergaan;  al die werkers van ongeregtigheid sal verstrooi word.
> Maar U verhoog my horing soos van 'n buffel;  ek is met vars olie gesalf.
> En my oog sien met welgevalle neer op die wat my voorlê, my ore hoor van die wat teen my as kwaaddoeners opstaan.
> Die regverdige sal groei soos 'n palmboom;  hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon.
> Geplant in die huis van JaHUaH sal hulle groei in die voorhowe van onse Elohim.
> In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat JaHUaH reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie.

Elke keer proklameer ons die laaste duisendjaar-"dag" vanaf die skepping, die Millennium, wat gepaard gaan met die Eerste Opstanding, die opstanding van diegene wie in JaHUsha as Messias is.  Ons voer dit telkens op, soos in 'n toneelstuk, as ons dit hou.  Ons proklameer dit as 'n sigbare teken tussen die Bruid en die Bruidegom.  Soos wat mense vandag 'n verloofring sou dra.

Laat ons nie ons afsprake met ons Bruidegom mis nie!

0-0-0-0-0-0-0

<u>Bron</u>:  "Torah Emor", Wednesday – Bill Bullock (Rabbi's Son)